Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

NOTULE VAN 'N GEWONE VERGADERING VAN DIE UITVOERENDE BURGEMEESTERS-KOMITEE GEHOU IN DIE BANKETSAAL, MALMESBURY OP WOENSDAG, 14 OKTOBER 2015 OM 11:00

TEENWOORDIG:

Uitvoerende Burgemeester, rdh T van Essen (voorsitter)
Uitvoerende Onderburgemeester, rdh M S I Goliath

Lede van die Burgemeesterskomitee:
Rdl M Rangasamy
Rdl R F van der Westhuizen
Rdl M van Zyl
Rdl W Wilskut

Ander raadslede:
Rdh N J A Rust

Beamptes:
Munisipale Bestuurder, mnr J J Scholtz
Direkteur: Korporatiewe Dienste, me M S Terblanche
Direkteur: Beskermingsdienste, mnr P A C Humphreys
Direkteur: Elektriese Ingenieursdienste, mnr R du Toit
Direkteur: Ontwikkelingsdienste, mnr J T Steenkamp
Snr Bestuurder: Tegniese Dienste (Siviel), mnr L D Zikmann
Bestuurder: Voorsieningskanaalbestuur, mnr P Swart
Bestuurder: Sekretariaat en Rekorddienste, me N Brand

1. OPENING

Rdh N J A Rust open die vergadering met gebed op versoek van die voorsitter.

2. VERLOF TOT AFWESIGHEID

Die komitee is voltallig.

3. VOORLEGGINGS/AFVAARDIGINGS/SPREEKBEURTE

Geen

4. NOTULES

4.1 NOTULE VAN 'N GEWONE UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE-VERGADERING GEHOU OP 9 SEPTEMBER 2015

BESLUIT

Dat die notule van 'n Gewone Uitvoerende Burgemeesterskomiteevergadering gehou op 9 September 2015 goedgekeur en deur die Burgemeester onderteken word.

4.2 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEESVERGADERING GEHOU OP 7 OKTOBER 2015

[Regstellings oorgehou as prerogatief van die onderskeie komitees.]

5. OORWEGING VAN AANBEVELINGS EN SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULE

5.1 NOTULE VAN 'N PORTEFEULJEKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 7 OKTOBER 2015

5.1.1 ADMINISTRASIE EN FINANSIES

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.2 SIVIELE EN ELEKTRIESE DIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig.

5.1.3 ONTWIKKELING- EN BESKERMINGSDIENSTE

BESLUIT

Dat die Uitvoerende Burgemeester die aanbevelings in die betrokke notule bekragtig, onderhewig aan die volgende toevoeging –

ITEM 8.6: NUWE STRAATNAME: PHOLA PARK (16/5/6) (WYK 9)

BESLUIT VERDER

Dat 'n beleid opgestel word wat as riglyn kan dien vir die benaming van strate in nuwe ontwikkelings.

6. SAKE VOORTSPRUITEND UIT DIE NOTULES

6.1 NOTULE VAN 'N UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 9 SEPTEMBER 2015

6.1.1 ITEM 6.2.1: VOORGESTELDE VERGUNNINGSGEBRUIK OP ERF 7371, MALMESBURY (15/3/10-8) (WYK 8)

BESLUIT dat die item oorstaan om geleentheid te gee vir gesprekvoering met Nova-voere en Kaap Agri Bpk insake die daarstelling van 'n verkeerslig.

7. NUWE SAKE

7.1 ADVERTENSIEKOSTE T.O.V. GRONDGEBRUIKAANSOEKE (5/4/1/1) (WYKE 1-12)

Die inwerkingtreding van SPLUMA (*Spatial Planning Land Use Management Act*), LUPA (*Land Use Planning Act*) en Swartland Munisipaliteit se Grondgebruiks-beplanningsverordening het tot gevolg gehad dat die inhoud van advertensies t.o.v. grondgebruike drasties gewysig het.

Hierdie wysiging bring mee dat daar 'n wesenlike verhoging in advertensiekostes is en sal 'n nuwe tarief vir grondgebruiksaansoeke in terme van voormelde wetgewing deur die Raad oorweeg moet word.

Die voorsitter wys daarop dat daar nie tariefaanpassings in die loop van 'n finansiële jaar mag plaasvind nie en dat daar reeds 'n tarief vir advertensiekoste bestaan. Die omskrywing van die tarief sal dus korrek moet wees sodat dit as 'n nuwe tarief geag kan word.

7.1/...

BESLUIT (vir voorlegging aan die Raad op 26 November 2015)

Dat die Raad die volgende nuwe tarief vir grondgebruiksaansoeke in die Swartland soos volg goedkeur, naamlik:

"Advertensiekoste (SPLUMA, LUPA, Swartland munisipale verordening) betaalbaar met grondgebruiksaansoek (hersonering, onderverdeling, vergunningsgebruike en afwykings) = R3 300,00;
'n Bedrag van R580,00/aansoek sal toegevoeg word vir gekombineerde aansoeke."

7.2 VOORGESTELDE VERHURING VAN ONROERENDE MUNISIPALE EIENDOM: GEDEELTE VAN GEDEELTE 32 VAN PLAAS 560 YZERFONTEIN (12/2/B)

Die Raad het op 26 Maart 2015 goedkeuring verleen dat tenders met ontwikkelingsvoorstelle gevra word vir die ontwikkeling van 'n gedeelte van Gedeelte 32 van die Plaas 560 Yzerfontein, welke ontwikkelingsvoorstelle komplementerend tot die bestaande WACS-kabelinfrastruktuur in die omgewing moet wees.

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en meld dat slegs een tender, synde dié van *Umfiki Investment Corporation (Pty) Ltd* ontvang is. Die tender is deur 'n komitee wat deur die Munisipale Bestuurder aangewys is, geëvalueer ten einde 'n aanbeveling aan die burgemeesterskomitee te formuleer.

BESLUIT

(a) Dat die tenderaanbieding van *Umfiki Investment Corporation (Pty) Ltd* goedgekeur word vir die verhuring onder ‘n langtermyn (20 jaar) notariële huurooreenkoms van ‘n gedeelte (groot ± 2,7203 ha) van Gedeelte 32 van die Plaas 560 Yzerfontein, ingevolge die voorwaardes soos vervat in die tenderspesifikasies en onderhewig verder aan die vereistes soos uiteengesit in die aanhangsel hiertoe, welke vereistes nie addisioneel is tot die tenderspesifikasies nie, maar voortspruit uit en ter aanvulling is van die tenderaar se elektrisiteitsaanvraagbehoeftes soos vervat in sy tenderaanbieding;

(b) Dat daar kennis geneem word dat die sluit van die notariële huurooreenkoms aan ‘n opskortende voorwaarde onderhewig is, naamlik dat die vereiste grondgebruiksregte teen 31 Desember 2015 deur die Munisipaliteit bekom moet word (welke proses reeds ‘n aanvang geneem het).

7.3 NOTULE VAN DIE MUNISIPALE PRESTASIE-, RISIKO-, EN FINANSIËLE OUDITKOMITEEVERGADERING GEHOU OP 26 MEI 2015 ASOOK DIE HALFJAARLIKSE VERSLAG T.O.V. PRESTASIEBESTUUR EN DIE JAARLIKSE VERSLAG VAN DIE OUDITKOMITEE VIR DIE TYDPERK GEËINDIG 30 JUNIE 2015 (11/1/3/1/7)

Die Munisipale Prestasie-, Risiko-, en Finansiële Ouditkomitee dien as 'n volwaardige onafhanklike komitee van die Raad en vervul sy funksie ingevolge die bepalings van artikel 166 van die Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuurswet, Wet 56 van 2003 (MFMA).

In terme van bogenoemde mandaat maak die Komitee hoofsaaklik aanbevelings aan die Raad vir oorweging en besluitneming.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die notule van die Munisipale Prestasie-, Risiko-, en Finansiële Ouditkomitee se vergadering van 26 Mei 2015, asook die halfjaarlikse- en jaarlikse verslag van die Ouditkomitee vir die tydperk geëindig 30 Junie 2015;

7.3/...

(b) Dat die aanbevelings voortspruitend uit gemelde notules vir aandag na die Bestuurspan verwys word, naamlik:

(i) Dat 'n ernstige gesprek op regeringsvlak plaasvind deur SALGA en Provinsiale Regering met die Nasionale Regering oor die Begroting omsendskrywes 74 en 75 aangesien die finansiële impak van die begroting die munisipaliteit negatief sal beïnvloed (tariefverhogings meer as 6%);

(ii) Dat die nie-invordering van boetes wat uitgereik word en samesprekings met die Departement van Justisie om hierdie vrugtelose uitgawe te elimineer;

(iii) Dat bestuur poog om voortdurend die Prestasiebestuurstelsel te verbeter t.o.v. die gebreke soos uitgelig deur Interne Oudit, sowel as die Ouditeur-Generaal, aangesien 'n gebrek aan optrede deur bestuur 'n negatiewe impak mag hê op die Ouditeur-Generaal se verslag t.o.v. voorafbepaalde prestasiedoelwitte in toekomste finansiële jare;

(iv) Dat bestuur die nodige kontroles implementeer om die akkuraatheid van dokumentêre bewyse wat die prestasie resultate ondersteun te verseker en dat die nodige toesighoudende beheer uitgeoefen word om die integriteit van prestasie inligting te verifieer.

7.4 KONSEP FINANSIËLE STATE 2014/2015 (5/1/2-2014/15)

Die Munisipale Bestuurder behandel die verslag en enkele belangrike punte word uitgelig, onder andere dat die ongemagtigde uitgawes tydens die aansuiwerings-begroting reggestel sal word.

BESLUIT

(a) Dat kennis geneem word van die ongeouditeerde finansiële state vir die 2014/2015 finansiële jaar;

(b) Dat die bydraes vir 2014/2015 soos volg goedgekeur word:

Kapitaalvervangingsreserwefonds:	R 68 066 283
Voorsiening vir slegte skuld:	R 13 372 715
Verlofgratifikasie:	R 1 016 087
Voorsiening vir langdiensbonus:	R 921 766
Voorsiening vir na-aftrede:	R 6 192 175
Totaal:	**R 89 569 026**

(c) Dat die onderstaande ongemagtide uitgawes verwys word na die aansuiweringsbegroting van 2015/2016 vir goedkeuring ingevolge artikel 32 van die MFMA:

Ongemagtigde uitgawes: Kapitaal	
Riooldienste:	R 56 060
Biblioteek:	R 16 574
IT-Dienste	R 2 556
Totaal:	**R 75 190**

Ongemagtigde uitgawes: Bedryfsrekening	
Munisipale Eiendom Onderhoud	R 637 057
Riooldienste	R 201 669
Waterverspreiding	R 2 384 286
Finansiële Dienste Administrasie	R 16 661 375
Behuising	R 162 748
Totaal:	**R 20 047 135**

7.5 INTERNASIONALE SAMEWERKINGSOOREENKOMS TUSSEN SWARTLAND MUNISIPALITEIT EN LKJ, DUITSLAND: VERTREK VAN 4 STUDENTE EN PLASING VAN 5 NUWE STUDENTE (10/3/4)

Die verslag bevat terugvoering aangaande die werksaamhede van die vier studente gedurende die voorafgaande termyn. Die volgende inname van studente ingevolge die samewerkingsooreenkoms met LKJ, Duitsland is vyf studente wat onderskeidelik by Elkana, Ilinge Lethu Thusong Sentrum en !Khwa ttu uitgeplaas sal word.

Die Direkteur: Korporatiewe Dienste noem dat alhoewel hierdie ooreenkoms geen finansiële uitgawe vir die Raad impliseer nie, baie opofferinge deur die Bestuurder: Openbare Betrekking, Biblioteek- en Toerismedienste, me I Loock gedoen word om na die studente om te sien.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van
(a) die projekte waaraan die oud-studente deelgeneem het;
(b) die vyf nuwe studente wat uitgeplaas sal word by Elkana, Thusong Sentrum en !Khwa ttu.

7.6 KAAPSE/WESKUS SWARTLAND TOERISME-ORGANISASIE: 2014/2015 FINANSIËLE JAAR – (I) VOORSITTERSVERSLAG, (II) PRESTASIE BESTUURSINDIKATORE, (III) FINANSIËLE STATE

Die voorsitter bedank die Kaapse/Weskus Swartland Toerisme-Organisasie vir 'n insiggewende verslag en vir die harde werk wat gedoen word om toerisme in die Swartland munisipale area te bevorder.

Die voorsitter noem verder dat toerisme 'n belangrike bydrae lewer tot plaaslike ekonomiese ontwikkeling en dat dit noodsaaklik is om akkurate statistieke by te hou om die befondsing vanaf die munisipaliteit te ondersteun.

Die voorsitter versoek dat die Raad se dank en waardering vir die kundige span wat betrokke is by die bevordering van toerisme in die Swartland munisipale gebied as sulks deur rdl M van Zyl by die relevante platforms oorgedra word.

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van
(a) die inhoud van die Voorsittersverslag;
(b) die meting van prestasiebestuursindikatore vir die periode 1 Julie 2014 tot 30 Junie 2015; en
(c) die inhoud van die finansiële state vir die 2014/2015 finansiële jaar.

7.7 VERSLAG AANGAANDE DIE IMPLEMENTERING VAN DIE VOORSIENINGS-KANAALBESTUURSBELEID VIR DIE PERIODE 1 JULIE 2015 TOT 30 SEPTEMBER 2015 (8/1/B/2)

Artikel 6(3) van die *Supply Chain Management-Regulasies* bepaal dat daar op ‘n kwartaallikse basis aan die Uitvoerende Burgemeester verslag gedoen moet word aangaande die werksaamhede van die betrokke afdeling.

Die voorsitter bedank die Bestuurder: Voorsieningingskanaalbestuur, mnr P J Swart vir die noukeurigheid waarmee die take van die afdeling behartig word en sodoende vir die bydrae wat gelewer word in die verkryging van skoon oudits.

Die Munisipale Bestuurder doen 'n beroep op mnr Swart dat daar voortdurend gepoog sal word om toe te sien dat die munisipaliteit altyd waarde vir geld sal kry. Dit gebeur toenemend dat dienste wat aan staatsdepartemente gelewer word duurder is teenoor die aan die privaat instansie/individu. Dit is daarom belangrik dat die munisipaliteit standaarde moet hê waarteen tenders gemeet kan word.

7.7/...

BESLUIT

Dat daar kennis geneem word van die werksaamhede van die Voorsieningskanaalbestuursafdeling ten opsigte van die tydperk 1 Julie tot 30 September 2015, welke verslagdoening ingevolge artikel 6(3) van die *Supply Chain Management*-Regulasies gedoen word.

7.8 UITBREIDING VAN DIE TENDER T33/12/13: DIE LEWERING VAN SEKURITEITSDIENSTE T.O.V. DIE VERVOER VAN GELDE NA DIE BANK (8/2/2/1)

'n Meerjarige tender is met ingang van 1 Julie 2013 toegeken aan die maatskappy, *Qiniseka Sekuriteit*, vir die daaglikse vervoer van gelde vanaf buitepunte na die Raad se bankier.

'n Ekstra betaalpunt is by Quickshop in Malmesbury met ingang van 11 September 2015 goedgekeur ten einde 'n 24 uur diens/betaalpunt aan die belastingbetalers beskikbaar te stel.

'n Kwotasie ten bedrae van R1 421,80 (BTW uitgesluit) is ontvang vanaf *Qiniseka Sekuriteit* om hierdie ekstra punt te hanteer.

BESLUIT

(a) Dat die Munisipale Bestuurder goedkeuring verleen vir die uitbreiding van tender T33/12/13 in terme van klousule 36(4) van die Voorsieningskanaalbestuursbeleid deur die toevoeging van 'n ekstra optelpunt in Malmesbury (Quickshop);

(b) Dat kennis geneem word dat die uitbreiding van tender T33/12/13 in lyn is met die beleid wat bepaal dat 'n uitbreiding nie meer as 15% mag wees nie;

(c) Dat kennis geneem word dat daar genoeg fondse in die sekuriteitspos beskikbaar is om die ekstra uitgawe te dek;

(d) Dat kennis geneem word dat die ekstra uitgawe van R15 640.00 (BTW uitgesluit) teen posnommer 11-10-52-00-2940 (security services) gefinansier word.

7.9 UITSTAANDE DEBITEURE: SEPTEMBER 2015 (5/7/1/1)

'n Volledige verslag van die stand van uitstaande debiteure is met die sakelys gesirkuleer.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die verslag aangaande die stand van uitstaande debiteure vir die maand van September 2015.

7.10 UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE (5/14/3/5)

Ingevolge die Batebestuursbeleid moet maandeliks verslag gedoen word insake die uitstaande versekeringseise.

BESLUIT

Dat kennis geneem word van die stand van uitstaande versekeringseise soos met die sakelys gesirkuleer.

7.11/...

7.11 AANWENDING VAN DIE MIG P-KOMPONENT VIR SPORTGRONDE (5/9/2/6/1)

Die MIG-fonds (*Municipal Infrastructure Grant*) is 'n voorwaardelike fonds wat jaarliks aan munisipaliteite toegeken word en ooreenkomstig spesifieke voorwaardes gespandeer moet word.

Een van die vereistes is dat die P-komponent wat 15% van die totale toekenning bedra vir die ontwikkeling en opgradering van sportfasiliteite aangewend moet word. Die bedrag van R2 337 000 is in die 2015/2016 finansiële jaar beskikbaar vir die implementering van die P-komponent.

Daar is reeds in die vorige finansiële jaar 'n volledige beplanning gedoen rakende die opgradering van die Wesbank Sportgronde. Daar kan egter nie eenstemmigheid tussen die onderskeie sportkodes bereik word oor op welke wyse die beskikbare fondse aangewend moet word nie.

Die risiko bestaan nou dat Swartland Munisipaliteit sy uitstaande rekord met die implementering en afhandeling van MIG-projekte kan skaad, en is dit noodsaaklik dat die beskikbare fonds herallokeer word na bestaande MIG-projekte.

Die voorsitter noem dat dit in gedagte gehou moet word dat die herallokasie van fondse slegs goedgekeur kan word, as onderneem word om die fondse in die volgende finansiële jaar weer aan die P-komponent toe te ken.

BESLUIT

(a) Dat daar kennis geneem word dat projek *PJ14-0037: Sport Projekte 15% van MIG* nie in die 2015/2016 finansiële jaar geimplementeer kan word nie, aangesien daar nie eenstemmigheid bereik kan word tussen die rolspelers oor die aanwending van die fondse nie;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee by die Raad aanbeveel dat met die komende aansuiweringsbegroting die volgende wysigings aan die kapitaalbegroting aangebring word:

Posnommer	**Beskrywing**	**2015/2016 Begroting**	**2015/2016 Aansuiwerings-begroting**
70-20-084-0347-0	Bou van strate	R15,810,000.00	R17,997,000.00
52-20-315-0354-0	MIG Sport Projekte*	R2,337,000.00	R150,000.00

*Beplanning, kosteberaming en besigheidsplanne vir voorbereiding van MIG-registrasie van projekte.

(c) Dat, gegewe die omstandighede en die verpligting om MIG-fondse 100% te spandeer, die aksie van die Rekenpligtige Beampte goedgekeur word om reeds intussen Tender T18/14/15 wat op 26 Mei 2015 toegeken was aan *Cornfield Construction* vir die bedrag van R14 670 000.00 (BTW uitgesluit) met R2 187 000.00 ingevolgde die toelating van die Voorsieningskanaal-bestuursbeleid uit te brei.

7.12 BEGROTING VAN UITGAWES AAN HOOFPAAIE: 2016/2017 FINANSIËLE JAAR (5/6/1/1/2)

Die verwagte uitgawes aan provinsiale hoofpaaie word jaarliks voor 31 Oktober 2015 aan die Distrikspadingenieur deurgegee.

Die lys van/...

7.12/...

Die lys van verwagte uitgawes is as volg:

Pad Nr	**Beskrywing**	**Aktiwiteit**	**Aangevra 2016/2017**
HP 230	Moorreesburg (Langstraat)	Onderhoud	Geen (word tans herseel)
HP 230	Moorreesburg (Piketbergweg)	Onderhoud	Geen (word tans herseel)
HP 231	Moorreesburg (Piketbergweg)	Onderhoud	R25 000.00
HP 226	Riebeek Kasteel (Hoofstraat)	Onderhoud	R26 000.00
HP 226	Riebeek Kasteel (Hermonweg)	Onderhoud	R5 000.00
HP 25	Malmesbury (Piet Retiefstraat)	Onderhoud	R10 000.00
HP 25	Malmesbury (Rainierstraat)	Onderhoud	R13 000.00
HP 224	Malmesbury (Bokomoweg)	Onderhoud	R138 000.00
HP 224	Malmesbury (Darlingweg)	Onderhoud	R164 000.00
HP 174	Malmesbury (Voortrekkerstraat)	Onderhoud	R625 000.00
HP 215	Darling (Hoofstraat)	Onderhoud	R35 000.00
HP 228	Darling (Evita Bezuidenhout Blvd)	Onderhoud	R35 000.00
HP 215	Yzerfontein (Haweweg)	Onderhoud	R5 000.00
HP 224	Malmesbury (Bokomoweg)	Rehabilitasie	R12 500 000.00
Totaal			**R13 581 000.00**

BESLUIT

(a) Dat die Uitvoerende Burgemeesterskomitee die Begroting van Uitgawes aan Provinsiale Hoofpaaie vir die 2016/2017 finansiële jaar soos hierbo uiteengesit, goedkeur;

(b) Dat die Uitvoerende Burgemeester en Munisipale Bestuurder opdrag gegee word om op relevante platforms druk op Provinsie uit te oefen om geld te bekom vir die rehabilitasie van Bokomoweg, aangesien die straat 'n belangrike skakel in die padnetwerk is.

(GET) T VAN ESSEN
UITVOERENDE BURGEMEESTER